



AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

BYBELKENNISEKSAMEN – 2023

GRAAD 10 – VRAESTEL

BESTEK: Ou Testament: Rut 1-4 | Nuwe Testament: Johannes 1-3, Romeine 8 | Les: 1-9

AFDELING A – RUT 1-4

VRAAG 1: OMKRING DIE REGTE LETTER OP DIE ANTWOORDSTEL:

- 1.1 *En Eliméleg, die man van Naómi, het gesterwe, maar sy met haar _____ seuns het oorgebly.* (Rut 1:3)
a) drie b) vyf c) vier d) twee
- 1.2 *En die seuns ... het vir hulle _____ vroue geneem ...* (Rut 1:4)
a) Israelitiese b) Moabitiese c) Egiptiese d) Babiloniese
- 1.3 *... die naam van die een vrou was _____ en die naam van die ander Rut ...* (Rut 1:4)
a) Ragab b) Maria c) Orpa d) Sarai
- 1.4 *Toe Naómi en haar skoondogters op pad was om na die land _____ terug te gaan ...* (Rut 1:7)
a) Egipte b) Moab c) Edom d) Juda.
- 1.5 *Naómi se skoondogters antwoord op haar bevel: Nee, ons wil saam met u teruggaan na u _____.* (Rut 1:10)
a) huis b) vriende c) land d) volk
- 1.6 *Naómi en Rut ... het op pad gegaan totdat hulle in _____ gekom het.* (Rut 1:19)
a) Babel b) Rome c) Betlehem d) Athene
- 1.7 *Naómi het gesê: Noem my nie Naómi nie: noem my _____, want die Almagtige het my baie bitterheid aangedoen.* (Rut 1:20)
a) Sara b) Mara c) Ragab d) Rut
- 1.8 *En Naómi het 'n bloedverwant gehad van haar man se kant ... wie se naam _____ was.* (Rut 2:1)
a) Eliméleg b) Juda c) Boas d) Giljon
- 1.9 *Rut het in die land gaan _____ optel.* (Rut 2:2)
a) onkruid b) gras c) blomme d) are
- 1.10 *Boas het vir Rut gesê, toe hy haar gesien het, dat sy haar by sy _____ moet aansluit.* (Rut 2:8)
a) perde b) waens c) diensmeisies d) kinders

VRAAG 2: VUL DIE ONTBREKENDE WOORD OP DIE ANTWOORDSTEL IN:

herken, los, lossers, vreemdeling, vergelde, voetenent, deugsame, môre, lossers, volkome

- 2.1 *Waarom het ek genade in u oë gevind, dat u in my belangstel alhoewel ek 'n (A) _____ is.* (Rut 2:10)
- 2.2 *Mag die HERE jou daad (B) _____, en mag jou loon (C) _____ wees van die HERE ...* (Rut 2:12)
- 2.3 *Naómi sê vir Rut: Die man [Boas] is ons naasbestaande, hy is een van ons (D) _____.* (Rut 2:20)
- 2.4 *Naómi sê vir Rut: ... en gaan af na die vloer toe; laat jou deur die man nie (E) _____ totdat hy klaar geëet en gedrink het nie.* (Rut 3:3)
- 2.5 *Maar as hy gaan slaap, let dan op die plek waar hy gaan slaap; kom dan nader, maak sy (F) _____ oop en gaan lê; en hy sal jou te kenne gee wat jy moet doen.* (Rut 3:4)
- 2.6 *Wees dan nou nie bang nie, my dogter; alles wat jy sê, sal ek vir jou doen, want die hele stadspoort van my volk weet dat jy 'n (G) _____ vrou is.* (Rut 3:11)
- 2.7 *Boas sê: Nou dan, dit is sekerlik waar dat ek die (H) _____ is ...* (Rut 3:12)
- 2.8 *Boas sê die volgende oor 'n ander lossers: "Bly vannag oor; en as hy jou môre wil (I) _____, goed, hy kan los; maar as hy nie lus het om jou te los nie, dan sal ek jou los, so waar as die HERE leef! Bly lê tot (J) _____.* (Rut 3:13)
-

VRAAG 3: SÊ OF DIE VOLGENDE WAAR OF VALS IS.

MERK JOU ANTWOORD OP DIE ANTWOORDSTEL:

- 3.1 Rut het nog daardie dieselfde aand terug huis toe gegaan. (Rut 3:14)
- 3.2 Rut het aan Boas gesê wie sy is. (Rut 3:9)
- 3.3 Boas het aan haar ses mate gars gegee. (Rut 3:15)
- 3.4 Boas sou Rut eers oor drie dae los. (Rut 3:18)
- 3.5 Boas het na die poort gegaan. (Rut 4:1)
- 3.6 Die lossers waarvan Boas gepraat het, het verby hom gestap. (Rut 4:1)
- 3.7 Twaalf manne uit die oudstes van die stad en die lossers het by Boas gaan sit. (Rut 4:2)
- 3.8 Eliméleg was nie 'n broer van Boas en die ander lossers nie. (Rut 4:3)
- 3.9 Rut wou Eliméleg se stuk grond verkoop. (Rut 4:4)
- 3.10 Boas het aan die lossers gesê dat hy nie die grond moet koop nie. (Rut 4:5)
-

VRAAG 4: VUL DIE ONTBREKENDE WOORD OP DIE ANTWOORDSTEL IN:

Egipte, Obed, Israeliet, Moab, Boas, Moabiet, lossingsreg, geld, Maglon

- 4.1 Naómi was van _____. (Rut 4:4)
- 4.2 Rut was 'n _____. (Rut 4:5)
- 4.3 Boas het die ander lossers se _____ oorgeneem. (Rut 4:6)
- 4.4 Rut is nou _____ se vrou. (Rut 4:10)
- 4.5 Rut het 'n seun met die naam _____ gehad. (Rut 4:17)

35 Punte

AFDELING B - JOHANNES 1-3

VRAAG 5: OMKRING DIE REGTE LETTER OP DIE ANTWOORDSTEL:

- 5.1 Die Woord was in die begin _____. (Joh. 1:2)
a) op die aarde b) by die mense c) in die hemel d) by God
- 5.2 Die Woord het alles laat _____. (Joh. 1:3)
a) ontplof b) ontstaan c) skeur d) skyn
- 5.3 Daar was 'n man van God gestuur, wie se naam _____ was. (Joh. 1:6)
a) Petrus b) Andréas c) Johannes d) Jakobus
- 5.4 Hy [die Woord] het na sy _____ gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie. (Joh. 1:11)
a) huis b) vriende c) eiendom d) plek
- 5.5 ... wat nie uit bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit _____ gebore is. (Joh. 1:13)
a) die Gees b) God c) werke d) geloof
- 5.6 Johannes het gesê dat Christus die _____ van God is. (Joh. 1:29)
a) Seun b) kind c) Lam d) man
- 5.7 Andréas, die broer van _____, het gehoor dat Johannes oor Jesus praat en hy het Hom gevolg. (Joh. 1:41)
a) Johannes b) Simon Petrus c) Jakobus d) Paulus
- 5.8 Jesus was op pad na Galiléa toe Hy vir _____ sê om Hom te volg. (Joh. 1:44)
a) Natáneal b) Judas c) Filippus d) Cornelius
- 5.9 Simon se ander naam was _____. (Joh. 1:43)
a) Andréas b) Jakobus c) Céfas d) Filippus
- 5.10 Die dissipels van Christus sal sien hoe ... die engele van God opklim en neerdaal op die _____ van die mens. (Joh. 1:52)
a) leer b) Seun c) trappe d) klippe
-

VRAAG 6: VUL DIE ONTBREKENDE WOORD OP DIE ANTWOORDSTEL IN:

klipkanne, Kana, reinheidsgebruike, tekens, pasga, tempel, sweep, drie, handelshuis, heerlikheid

- 6.1 Die Here Jesus was by 'n bruilof te (A) _____, Galiléa. (Joh. 2:1)
- 6.2 Daar het volgens die Jode se (B) _____ ses (C) _____ gestaan. (Joh. 2:6)
- 6.3 Hierdie was die eerste van sy (D) _____ en Hy het sy (E) _____ aan hulle geopenbaar. (Joh. 2:11).
- 6.4 Dit was die (F) _____ toe Jesus na Jerusalem en die tempel gegaan het. (Joh. 2:13)
- 6.5 Christus het 'n (G) _____ van toutjies gemaak en al die geldwisselaars en vee uit die tempel gejaag.
- 6.6 ... *moenie die huis van my Vader 'n* (H) _____ *maak nie.* (Joh. 2:16)
- 6.7 *Breek hierdie* (I) _____ *af, en in* (J) _____ *dae sal Ek dit oprig.* (Joh. 2:19)
-

VRAAG 7: SÊ OF DIE VOLGENDE WAAR OF VALS IS.

MERK JOU ANTWOORD OP DIE ANTWOORDSTEL:

- 7.1 Jesus Christus het van sy eie liggaam as die tempel gepraat. (Joh. 2:21)
- 7.2 Nikodémus was 'n Sadduseër. (Joh. 3:1)
- 7.3 Christus het gesê dat niemand weergebore hoef te word om die koninkryk van God te sien nie. (Joh. 3:3)
- 7.4 Die mens moet uit water en Gees gebore wees. (Joh. 3:5)
- 7.5 Soos Josef die slang in die woestyn verhoog het, so moet die Seun van die mens verhoog word. (Joh. 3:14)
- 7.6 God het sy Seun die wêreld in gestuur om die wêreld te veroordeel. (Joh. 3:17)
- 7.7 Ek moet altyd meer word en die Here minder. (Joh. 3:30)
- 7.8 Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe. (Joh. 3:36)
- 7.9 Daar is nog steeds veroordeling vir dié wat in Christus Jesus glo. (Rom. 8:1)
- 7.10 Die wet het die moontlikheid om die mens te red. (Rom. 8:3).

VRAAG 8: BEANTWOORD DIE VOLGENDE VRAE OP DIE ANTWOORDSTEL:

- 8.1 Kan die vlees hom aan die wet van God onderwerp? (Rom. 8:7)
- 8.2 *Maar as Christus in [ons] is, dan is die liggaam _____ vanweë die sonde, maar die gees is vanweë die geregtigheid.* (Rom. 8:10)
- 8.3 *As _____ vir ons is, wie kan teen ons wees?* (Rom. 8:31)
- 8.4 *Maar in al hierdie dinge is ons meer as _____ deur Hom wat ons liefgehad het.* (Rom. 8:37).

35 Punte

AFDELING C - LES 1-9

VRAAG 9: SÊ OF DIE VOLGENDE WAAR OF VALS IS.

MERK JOU ANTWOORD OP DIE ANTWOORDSTEL:

- 9.1 Die eerste deel van die Heidelbergse Kategismus handel oor dankbaarheid. (Les 1)
- 9.2 Die derde deel van die Heidelbergse Kategismus handel oor ons sonde en ellende. (Les 1)
- 9.3 Wanneer ons tot geloof kom, noem ons dit die wortelbekering. (Les 2)
- 9.4 Die gelowige se ware bekering lê by God én hul eie bydrae. (Les 2)
- 9.5 In die Bybel is die gelykenis van die verlore seun 'n voorbeeld van die twee aspekte van ware bekering. (Les 2)
- 9.6 Daar moet nie 'n daaglikse stryd teen sonde in ons lewe wees nie. (Les 2)
- 9.7 Goeie werke word gedoen soos wat ons goed dink. (Les 3)
- 9.8 Die wet is ook Evangelie. (Les 4)
- 9.9 Afgodery vind plaas wanneer enigiets of enigiemand anders as die ware God eer en aanbidding ontvang. (Les 5)
- 9.10 Geloof is net vertroue in God en nie kennis van God nie. (Les 5)

VRAAG 10: VUL DIE ONTBREKENDE WOORD OP DIE ANTWOORDSTEL IN:

gode, gebooie, hart, duisende, bely, getuie, heilig, gemeente, Woord, Jesus Christus, sabbatdag, verstand

- 10.1 Ware aanbidding van die enige ware God is 'n saak van die (A) _____. (Les 5)
- 10.2 *Jy mag geen ander* (B) _____ *voor my aangesig hê nie.* (Les 6)
- 10.3 [Die HERE] bewys *barmhartigheid aan* (C) _____ *van die wat [Hom] liefhet en [sy]* (D) _____ *onderhou.* (Ex. 20:6; les 6)
- 10.4 Die enigste ware beeld van God is die mens (E) _____. (Les 6)
- 10.5 Die derde gebod sê ook dat ons die HERE se Naam moet (F) _____, verkondig en (G) _____. (Les 7)
- 10.6 Die volk was slawe in Egipteland; die HERE het hulle met 'n sterke hand en 'n uitgestrekte arm gered, daarom moet hulle die (H) _____ heilig. (Les 8)
- 10.7 Op die rusdag moet die (I) _____ bymekaar kom om na die (J) _____ van God te luister. (Les 8)
-

VRAAG 11: BEANTWOORD DIE VOLGENDE VRAE OP DIE ANTWOORDSTEL:

- 11.1 Ons bewys ons dankbaarheid aan die Here vir ons verlossing in _____ en in _____. (Les 1)
- 11.2 Sal die uitverkorenes van God ooit deur Christus uitgewerp word? (Les 1)
- 11.3 Daar is slaggate waarvoor 'n verbondskind op die uitkyk moet wees. Noem net een slaggat. (Les 2)
- 11.4 Wat is die doel van goeie werke in 'n gelowige se lewe? Noem net twee sake. (Les 3)
- 11.5 Hoe het die Here Jesus die wet van God (Tien Gebooie) opgesom? Daar word van twee sake gepraat. (Les 4)
- 11.6 *As iemand sê: Ek het God lief – en sy broeder haat, is hy 'n* _____ *...* (1 Joh. 4:20; les 9)
- 11.7 Jy moet aan jou ouers en ander gesagsdraers alle eer, _____ en trou bewys. (Les 9).

30 Punte

TOTAAL: 100 PUNTE